Die Godin van Skoonheid
Deur André Gerber

Karakters:

Jean-Luke: Is die egosentriese karakter waarom die storie wentel. Almal is lief vir hom…in die fisiese sin.

Phoebe: Sy raak verlief op Jean-Luke en vertel hom hoe wonderlik hy is.

Guenevere: Die godin van skoonheid. Sy probeer Jean-Luke se oog vang.

Jean-Luke	Welkom, welkom! Vandag gaan ons vir julle ‘n storie improviseer. ‘n Storie van leuns en liefde. ‘n Storie van…wel…kyk maar self. Daar was eendag ‘n vrou.
ENTER PHOEBE. SY DRA ‘N PIENK HEMP, ONDER DIE PIENK DRA SY ‘N ROOI HEMP, EN ONDER DIT DRA SY ‘N SWART HEMP. SY LYK VROLIK MET ‘N REUSE GLIMLAG.	
Jean-Luke	Die vrou het altyd pienk – nee! Rooi! NEE! SWART klere aangehad. Sy was gestraf deur die bose godin van…um…skoonheid. Sy was nie altyd die godin van skoonheid nie …maar nietemin, sy het haar gestaf.
ENTER GUENEVERE. SY DRA ‘N VERSKRIKLIKE FLAMBOJANTE ROK.	
Jean-Luke	Hei! Vroumens (na Phoebe)! Lyk gestaf!
PHOEBE BEGIN DRAMATIES HUIL.	
Jean-Luke	Maar hoekom is die arme ding gestraf, sal jy dalk vra. Wel, dit het so gebeur:
FLASHBACK: JEAN-LUKE SIT OP ‘N STOEL IN DIE MIDDEL VAN DIE VERHOOG. ENTER PHOEBE.	
Phoebe	(BAIE DRAMATIES) O, Jean-Luke! My lelie! My kaneelstokkie! Ek soek al die hele wêreld vol na jou! (SY WYS DRAMATIES HOE SY

	GESOEK HET) En hier, in die middel van die amazone –
Jean-Luke	(HOES) Sahara (HOES)
Phoebe	- Sahara! Sien ek vir vir jou hoe jy vertoef in die bloedige hitte.
Jean-Luke	Ek is so lief vir jou!
Phoebe	Het jy nou-net jou ewige liefde aan my verklaar!!!
Jean-Luke	JA!
Phoebe	Ek is ook lief vir jou!
Jean-Luke	Wel, ek is nog *meer* lief vir jou!
Phoebe	O JEAN-LUKE!
Jean-Luke	O PHOEBE!
Phoebe	O JEAN-LUKE!
Jean-Luke	O PHOEBE!
GUENEVERE KOM AAN DIE KANT VAN DIE VERHOOG IN, EN SIEN DIE TWEE. JEAN-LUKE EN PHOEBE MOUTHE NOGSTEEDS VIR MEKAAR TERWYL GUENEVERE PRAAT.	
Guenevere	NEE! Die beeldskone Jean-Luke het sy ewige liefde verklaar aan hierdie ding! Ek sal hom verlei van haar skoonheid. HOE DURF HY MY VERLAAT! Ek sal hom moet terug wen op een of ander manier. Lyk vir my, volgens wat ek sien, hou hy van die lelike tipe, so, as dit is wat hom WILD maak, sal ek maar moet uithaal en wys.
FOKUS TERUG OP JEAN-LUKE EN PHOEBE.	
Phoebe	O JEAN-LUKE!
Jean-Luke	O PHOEBE!
ENTER GUENEVERE. SY IS VOOROORGEKROM EN LYK BAIE LELIK MET SWART *DRAPSELS* WAT OOR HAAR HANG.	
Phoebe	O JEAN-LU (SY SIEN VIR GUENEVERE) – Wat is dit?
Guenevere	Ek is hier om die hart te steel van die Jean-Luke! Die god van … langafstandhardloop!
Jean-Luke	My liewe mens. Jou…um…beeldskone…oppervlakte is…baie…disturbing. Gaan kry plastic surgery! Gaan weg!

HY GOOI VIR GUENEVERE UIT. HULLE BEGIN WEER.	
Jean-Luke	Vertel my hoe mooi my oë is! Ek wil weer hoor.
Phoebe	Jou oë is mooier as te sterre van die nag wat oor die aarde skitter soos balletjies van vuur en vlam in die donker nag wat in alle ewigheid sal blink tot ‘n volkome hiernamaals van –
Jean-Luke	Dis te cliché! Jy kan oor niks oorspronklik dink nie! Toemaar, ons sal net nog ‘n wonderlike deel van my…anatomie…bewonder.
JEAN-LUKE EN PHOEBE PRAAT AAN (IN MUTE). PHOEBE LYK HOOGS VERONTWAARDIG. ENTER GUENEVERE MET ‘N BAIE REVEALING OUTFIT.	
Guenevere	Dit lyk vir my hy verkies die dom-blondine-met-‘n-ik-wat-begin-met-komma-maar-wat-groot-boobs-het look. Hy sal my nie NOU kan weestaan nie.
GUENEVERE KOM PRONKERIG AANGELOOP.	
Jean-Luke	O PHOEBE!
Phoebe	O JEAN-LUKE!
Jean-Luke	Vertel my, Phoebe. Wat prikkel jou fantasië?
Phoebe	Net jy, my bruid---egom! Jy is die alpha en die omega! Die boom se wortel! Die piesang se skil! Die die selfoom se ringtone! Jy is so wonderlik! Ek is jou nie waardig nie!
Guenevere	(DOM BLOND MODE) Um, soos, ja, jy is nie! Soos in, kyk daai fingernaels! Dit lyk asof jy omgery was met ‘n bebotie-trok! En, oh girl! Jou bene lyk soos die amazone! En, plastic surgery never hurt anyone, you know!
Phoebe	Hoe durf jy!
Jean-Luke	Hei! Ons het nie jou wannabe cheerleader act nodig nie, hoor. Ek hou actually van intellektuele mense. Phoebe is so poeties

	en slim, net soos ek! Gaan weg!
JEAN-LUKE SKOP VIR GUENEVERE WEG.	
Phoebe	O, Jean-Luke! Jy is so wonderlik! Jy maak my skoon WILD!
Jean-Luke	Ek weet. Vertel my tog meer.
MUTE VIR JEAN-LUKE EN PHOEBE, EN HIER KOM GUENEVERE, MET…INTELLECTUAL KLERE AAN.	
Ingird	Wel, so hy soek nie iemand lelik nie, hy soek nie iemand mooi nie, dan moet dit iemand slim wees! As hy nie vir dit gaan nie, sal ek my naam verander na die godin van skoonheid!
GUENEVERE KOM AANGESTAP MET ‘N GROEN BORD MET ‘N INGEWIKKELDE WISKUNDE SOM.	
Phoebe	O grieseltjie! Wat is dit nou-weer, jou ou heks?
Guenevere	Soos u kan waarneem, is die delikate ekwilibrium van die heelal versteur toe jy jouself blootgestel het tot die vermeetelheid om jouself te bestee aan ‘n wese wat ver verby jou vuurmaakplek en vermoë strek so, volgens my bewerking, as *x* gelyk is aan *pi*, saam met die vierkantswortel van seweduisend miljard komma drie en ‘n half saam met die eenkwartswortel wat gedeel moet word met helfde van die astriologiese datum van tyd en plek waar Jean-Luke, *the great,* gebore is, gemaal met die sterkte van die rand teen die dollar, sal dit vir jou bewys dat jy het geen reg tot die oogsig van die alomteenwoordige Jean-Luke nie.
JEAN-LUKE HET INTUSSEN GLADNIE GELUISTER NIE.	
Jean-Luke	Hei, hier is ‘n velletjie wat losgekom het by my vingernael!
Phoebe	That’s it! EK HET GENOEG GEHAD VAN JULLE ALTWEE! Jy, JEAN-LUKE! GET A LIFE! Daar is meer tot die wereld as net jouself! Jou mal ding!
Jean-Luke	Dit is debateerbaar…
Guenevere	Hoe durf –

Phoebe	En jy! JY IS MAL! JULLE IS ALMAL MAL! MAL, Sê EK VIR JULLE! MAL!
Guenevere	Het jy nounet vir Jean-Luke mal genoem!
Phoebe	Ja, ek het! And what are you gonna do about it?
Jean-Luke	Ladies, lets not fight… Daar is oorgenoeg van my wonderlike self vir julle almal om te deel!
Guenevere	Kyk nou! Jy het vir Jean-Luke omgekrap! EK STRAF JOU TOT IN 'N EWIGE HIERNAMAALS VAN VERDOEMENIS EN SLAWERNY EN JY SAL VIR DIE RES VAN JOU LEWE GEEN KLERESMAAK Hê NIE!
Phoebe	Nee!
Guenevere	Ja!
Phoebe	Gaan weg!
PHOEBE VAL OP DIE VLOER NEER IN BEGIN HUIL.	
Jean-Luke	Ai tog. Al dit net oor my. Ek voel geëerd.
Guenevere	Nou kan *ons* saam wees!
Jean-Luke	Nee sies, jou stalker. Gaan bly in Pietermaritzburg en gaan geniet jou verdoemenis saam met haar. (JEAN-LUKE WYS NA PHOEBE). I'm a bachelor.
Guenevere	NEE!
GUENEVERE VAL OP DIE GROND NEER EN BEGIN HUIL.	